Sentraal Penkop & Drawwertjie Waterwerkkamp

Dit is weer tyd vir **SPDW VAKANSIE KAMP!**

Kampdatum:	23 Maart 2020 – 28 Maart 2020
Waar:	De Bank Voortrekker Jeugkampterrein. By die Vaaldam, naby Oranjeville in die Vrystaat. (ongeveer 200 km vanaf Pretoria)
Verblyf – Jeuglede:	**JEUGLEDE/ SPANNE VOORSIEN HULLE EIE TENTE!!**
Offisiere:	Akkommodasie vir 48 persone in kamers. Woonwa en tent staan plekke beskikbaar.
Vervoer:	Bus vervoer met volwasse toesig vanaf: • **Menlo Park Hoërskool** • **Weltevredenpark NG Kerk, Randburg** • **Hoëveld Eenstop op R21** Bus Koste: R400.00 per persoon. Kommando's/Spanne kan eie Vervoer reëlings ook tref.

SPESIALISASIES

Graad 1 & 2*	**Tuinier ***	R650.00
Graad 3	**Paraatheid**	R850.00
Graad 4	**Waterfiksheid** **Ruimtewaarneming (Maks 30)**	R850.00 R850.00
Graad 5	**Roeikuns (Maks 50)** **Varswater Dierekennis**	R850.00 R850.00
Graad 6	**Varswaterhengel** **Redding**	R850.00 R850.00
Graad 7	**Waterbewustheid** **Erfgrond (Maks 50)**	R850.00 R850.00
Volwassenes	**Seilkuns**	R1000.00
Offisiere	**Diensdoenende Offisiere**	R650.00
Staatmakers	**Diensdoenende Staatmakers**	R300.00
Modderbekkies*	Pret aktiwiteite word vir ons Voorskool kleuters voorsien! (Slaap saam met ouer/s)	R450.00

*Slegs vir diensdoenende Offisier/Volwassenes (Krappies (Gr1&2) het hulle eie slaaptent! Of kan by ouer/s slaap)

houKOERS!

www.spdw.co.za

Kontak Inligting:

Kampleier: Gawie Naudé **kampleier@spdw.co.za** 083 479 5582

Kampsekretaris: Marietjie Bodenstein **admin@spdw.co.za** 083 721 0093

Kampfinansies: Marinda Gericke **finansies@spdw.co.za** 082 884 1470

Voortrekkerdrag

Alle Jeuglede en Offisiere wat saam op die skip kom vaar, MOET hul **Aktiewe Voortrekkerdrag** saambring vir seremonies.

(Onderbaadjies nie verpligtend maar wel hemp soos voorgeskryf, asook blou denim-broek (kort/lank of blou denim romp.)

Offisiere moet ook formele Voortrekkerdrag saambring vir waterseremonie en formele funksie.

Kursusbenodighede

Volledige lys sal aan jou Kommando verteenwoordiger gegee word tydens die Inligtingsvergadering vir Offisiere op 7 Maart 2020 en aan die Kommando per e-pos gestuur word.
Inpaklys word ook na die ouer se epos adres gestuur.

Spesiale SPDW Baadjies is beskikbaar!

'n T-hemp is by kampfooi ingesluit!

Hybrid Fleece baadjies (Voortrekker blou met Voortrekkerwapen en SPDW wapen in blou geborduur)

R250.00 kinders. (kort ritssluiter)
R300.00 volwassenes. (ritssluiter)

"Body Warmers"

R230.00 Kinders

R270.00 Volwasse

Gelde moet inskrywing vergesel. Daar sal nie baadjies op die kamp te koop wees nie.

INLIGTINGSVERGADERING

'n Inligtingsvergadering word gehou op **Saterdag, 7 Maart 2020,** vanaf 13:00 – 16:00 te Laerskool Die Poort, Kameeldrift weg, Roodeplaat.

Alle Offisiere wat saam kom kamp, moet asseblief die inligtingsvergadering bywoon.

Baie belangrike inligting word deurgegee.

Na die vergadering hou ons 'n **Bring & Braai**, so bring asseblief 'n piekniek mandjie saam en eie stoele.

Vure word voorsien.

houKOERS!

www.spdw.co.za

Inskrywingsvorms

Inskrywings word slegs aanlyn gedoen.

Volg die "Skryf in" skakel op www.spdw.co.za om in te skryf.

Indien probleme met inskrywing ervaar word kontak asb. SPDW IT:

Johan Nefdt (064 262 3864)

Kampleier – Gawie Naudé (083 479 5582)

.

Sluitingsdatum

A. Inskrywing

Sluitingsdatum vir inskrywing is **6 Maart 2020**.

Kommando's moet asseblief een diensdoenende Offisier saamstuur vir elke 10 kinders wat gaan kamp.

B. Kampgelde

Alle kampgelde (Busgelde ingesluit) moet teen **6 Maart 2020** inbetaal wees.

Indien kampgelde na **6 Maart 2020** ontvang word, sal 'n boete van **R100-00** per inskrywing gehef word.

Slegs Direkte oorbetalings word aanvaar.

Bank besonderhede is op die faktuur wat u per e-pos ontvang sodra ingeskryf is.

C. Kansellasies

Indien 'n inskrywing na **6 Maart 2020** gekanselleer word, verbeur die persoon sy / haar volle inskrywingsgeld.

Plaasvervangers van dieselfde geslag vir dieselfde kursus kan wel gestuur word.

(Volledig voltooide inskrywingsvorm word vereis).

Kamp en Waterveiligheid

Die veiligheid van almal op SPDW is ons hoogste prioriteit, daarom sal geen persoon op of in die dam toegelaat word sonder 'n reddingsbaadjie nie.
Opgeleide lewensredders en addisionele "oë op die dam" is op die damwal terwyl daar enige aktiwiteite in of om die dam plaasvind.

Want vakansies is gemaak om vakansie te hou!

houKOERS!

www.spdw.co.za